

# St. Maria Magdalena

## 22 Julie

Naas die Moeder van Jesus, is sy seker die bekendste vrou uit die Evangelies. Wat haar lewensverhaal betref bly dit maar moeilik om legende van feit te onderskei. Wat ons wel met sekerheid weet is dat haar ontmoeting met Jesus haar lewe totaal verander het. Haar bekering het tot uiting gekom in die manier hoe sy haar lewe aan die Here Jesus gewy het. Die hoogtepunt daarvan was by die leë graf toe die klank van haar Here se stem al haar onsekerheid en verdriet verdryf het. Sy was die eerste om haar opgestane Heiland te aanskou en met groot blydskap kon sy dié waarheid omtrent Paasfees aan die ander dissipels gaan vertel.

© Die Oratorium Uitgewery